



Verwysing: 20170817-3979
12/2/1/2
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0035/2017
Vervaldatum: 31 Desember 2018

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om gewone openbare skole van die tydsraamwerke vir aansoeke om toelating tot Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) -skole en die bestuur van skooltoelatingsinligting vir **2018/19**, in kennis te stel.*

Onderwerp: Datums en tydsraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skooltoelatingsinligting vir **2018/19**

1. Die aanvraag na leerplekke by skole in die Wes-Kaap neem jaarliks toe. Ten einde toelatings doeltreffend te bestuur, word skole versoek om aan die volgende tydsraamwerke vir toelatings te voldoen.
2. Die maatreëls wat in hierdie omsendbrief uiteengesit word, is van toepassing op aansoeke wat in **2018** om toelating tot gewone openbare skole in **2019**, ontvang word.
 - 2.1 Algemene toelatingsdatums stel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in staat om meer doeltreffend te beplan vir die voorsiening van klaskamers, diensstate, verkryging van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) en alle ander sistemiese intervensies wat benodig word om te verseker dat skole elke jaar gereed is om te begin.
 - 2.2 Dit dien ook om die proses meer toeganklik te maak vir ouers wat by skole in die Wes-Kaap wil aansoek doen.

- 2.3 Skole moet aan die volgende WKOD-tydsraamwerke vir toelatings voldoen wat op **alle gewone openbare skole van toepassing sal wees:**

Aktiwiteit	Datum
Skole vang beplande inskrywings op SAMI vas	1–7 Februarie 2018
Skooltoelatings open (alle gewone openbare skole)	12 Februarie 2018
Skooltoelatings sluit (alle gewone openbare skole)	23 Maart 2018
Ouers word per pos (brief) van die uitkoms in kennis gestel	22 Junie 2018
Ouers bevestig aanvaarding	23 Julie 2018
Skole vul beskikbare plekke	3 ^{de} Kwartaal 2018
Skole bevestig inskrywings	Sodra progressie en promosie afgeteken is.

3. Indien ouers nie aanvaarding teen **23 Julie 2018** bevestig nie, kan skole sodanige plekke aan leerders op die waglys of aan ander leerders wat nog geplaas moet word, bied.
4. Die skool moet egter 'n daadwerklike poging aanwend om die ouers van hierdie besluit in kennis te stel voor die plek aan 'n ander leerder gegee word.
5. **Die vaslegging van toelatingsinligting vir 2018 op die WCED School Admissions Management Information (SAMI) -stelsel**
- 5.1 Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, dispuut of 'n regsuitdaging, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te voorsien — soos wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Die besonderhede sal uit die SAMI-stelsel geneem word wat die amptelike WKOD-toelatingsinligtingdatabasis is.
- 5.2 Skole word dus versoek om **ALLE aansoeke** wat ontvang word, op die SAMI-stelsel vas te lê.
- 5.3 Sperdatums vir die vaslegging van toelatingsinligting op SAMI:
- | | |
|---|---|
| 5.3.1 SAMI open vir beplande inskrywings: | 01 Februarie 2018 |
| 5.3.2 Skole teken beplande inskrywings af: | 07 Februarie 2018 |
| 5.3.3 Kringbestuurders teken beplande inskrywings af: | 12 Februarie 2018 |
| 5.3.4 Skole vang <u>alle aansoeke</u> vas wat ontvang is:
Om ouers te help, kan skole op enige stadium laat
aansoeke vasvang | 12 Februarie tot
20 Junie 2018 |
| 5.3.5 Skole dui die uitkoms van die aansoeke op SAMI teen: | 22 Junie 2018 |
| 5.3.6 Skole vul beskikbare plekke: | 3 ^{de} Kwartaal 2018 |
| 5.3.7 Skole bevestig inskrywings: | Sodra progressie en
promosie afgeteken |

is.

- 5.4 Die SAMI-funksie genereer 'n lys van leerders wat nog nie geplaas is nie, en soos die aansoeke verwerk word, wys dit watter skole nog plekke beskikbaar het.
- 5.5 Dit is dus belangrik dat skole die aansoeke teen die sperdatums vaslê en verwerk om te verseker dat amptenare akkurate inligting het wat gebruik sal word om ouers van die beskikbare plekke in kennis te stel.

6. **Die oplossing van gevalle waar 'n leerder nie van 'n plek by 'n skool verseker is nie**

Die betrokke distriksamptenare wat met die toelatingsadministrasie werk, sal toegang hê tot die lys van leerders wat nog nie geplaas is nie, sowel as beskikbare plekke by skole in die distrik. Hierdie amptenare word versoek om met die plasing van leerders te help deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

7. Met inagneming van die toenemende aanvraag na plekke by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls skole en ouers van hulp sal wees. Ons wil graag prinsipale, beheerliggame en amptenare bedank vir hulle ondersteuning om alle leerders in skole te plaas.
8. Alle navrae ten opsigte van die bogenoemde kan aan die betrokke distriksamptenaar gerig word.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-09-13